# GEDENKTEKEN VIR VOORTREKKERS

## Moerdyk - Ontwerp

## GEEN FINALITEIT ASNOG BEREIK

(Van Ons Eie Verteenwoordiger)

KAAPSTAD, Woensdag, 8 April.—Die Sentrale Volksmonumentkomitee het gister op 'n vergadering in Kaapstad aansienlik vordering gemaak tot vaslegging van sy planne met die groot Voortrekker-monument.

Hoewel daar oor die ontwerp vir die gedenkteken nog geen volstrekte finaliteit is nie, staan dit nou so goed as vas dat die monument, wat sy hooftrekke betref, 'n ontwerp sal volg wat ingedien is deur die Pretoriase argitek, Gerard Moerdyk. Oor die plek waar die monument sal kom, is nog nie beslis nie. Die ontwerp van mnr. Moerdyk, wat na alle waarskynlikheid gevolg sal word, is nie dié wat oorspronklik deur hom in sketsmatige vorm voorgelê is nie. Sy eerste ontwerp het 'n Egiptiese motief gevolg. Die nuwe is in hooftrekke gebasseer op die Mausoleum van Halicarnassus.

MNR. MOERDYK BOUMEESTER

Die keuse van die kommissie is onlangs feitlik terugggebring tot twee ontwerpe, waarvan een die nuwe van mnr. Moerdyk. Daar is feitlik eenstemmigheid in die komitee dat mnr. Moerdyk se nuwe voorstel in hoofsaak gevolg moet word. Op die vergadering, waaroor later 'n amptelike meedeling gedoen sal word, is besluit om mnr. Moerdyk tot boumeester vir die werk te benoem. Besonderhede van die ontwerp kon egter nog nie uitgewerk word nie, aangesien daar nog geen besluit oor die plek geneem is waar die gedenkteken opgerig sal word nie. 'n Kommissie is gekies wat nader op die kwessie van die plek moet ingaan en mettertyd, wanneer die plek aangewys is, sal die ontwerp moontlik nog by die omgewing aangepas moet word.

Die sentrale punt van die ontwerp, soos deur mnr. Moerdyk voorgelê, sal hopelik die gebeente wees van Piet Retief en sy metgeselle wat in die gedenkteken begrawe sal lê.

Daar is nou uitgemaak dat die gedenkteken nie feestelik geopen sal kan word by die eeufees wat oor twee jaar plaasvind nie. Die gedenkteken sal dan nog lank nie voltooi kan wees nie. Die viering by die eeufees sal derhalwe die vorm aanneem van 'n hoeksteenlegging.